# KONINKRYK-AANVULLERS

DESEMBER 2014

*© Afrikaanse Weergawe 2017 by AnointedJW.Org*

30 Desember 2014

Dit is reeds 36 maande sedert ons met hierdie webtuiste begin het en 9 maande sedert ons jongste aanvuller – ***Koninkryk-Aanvuller 2014***. Tydens die afgelope negemaande periode het ons voortgegaan met ons tema "Die Vader se Aanvaarbare Jaar" gebaseer op ***Lukas 4:18-21***: (1) deur ons idees voor te lê oor hoe die Wagtoring organisasie hulle skreeuendste foute kan regstel en ons broers kan bystaan om hulle in lyn te bring met Die Gesalfde Jesus; (2) deur 'n belaglike voorstelling uit te lig wat in die Koninkryksale plaasgevind het, met die oog op voorkoming van toekomstige foute; en (3) deur artikels te publiseer wat ontwerp is om ons broers se geloof in ongesiene werklikhede te versterk en hulle voor te berei op 'n heerlike en glorieryke toekoms.

Sedert April 2014, dui ons verslae aan dat daar meer as 8.7 miljoen toegewyde kinders van God, vanuit baie uiteenlopende godsdienste en denominasie in meer as 171 lande is wat hulle steun toesê aan die 'eenvoudige en toeganklike leringe van Jesus.' Vanaf Desember 2014 het daardie getal vermeerder tot meer as 27 miljoen, in meer as 175 lande en hou aan om eksponensiaal te groei. Die vinnigste groei vind plaas in China, maar ons broers in die Midde-Ooste is ook aan die toeneem, veral in Dubai en Iran. Dink net as 20% van die seuns van die koninkryk die eenvoudige en toeganklike leringe van Jesus aan slegs een ander persoon per maand voorstel. Daar sal meer as 50 miljoen seuns van God deelneem aan die 2015 Gedenkmaal! Indien hierdie praktyk voortgaan tydens 2015, (maak vas julle sitplekgordels!), kan daar meer as 2.8 biljoen seuns aan die einde van die jaar wees! Dit is eenderde van die wêreldbevolking terwyl alles binne slegs 4 jaar van bekendstelling van Jesus se eenvoudige en toeganklike onderwysings, vermag is! Teen daardie koers kan ons al te seker die hemel ondertoe bring sodat God se wil op die aarde gedoen sal word, soos in die hemele. (Matteus 6:10) So, presies hoe het ons al hierdie dinge reggekry?

## Voorlegging van Moontlikhede aan die Bestuursliggaam

Van meet af is ons hoofoogmerk gewees om positiewe verandering in die leringe van Jehovah se Getuies, teweeg te bring, veral soos dit met die twee-verwagtinge leerstelling in verband staan, wat slegs dien om die deur na die Koninkryk van die Hemele toe te sluit. (***Matteus 23:13***) Ons het daardie doelwit nagejaag deur uit te reik na die Bestuursliggaam, heen te wys na die eenvoudige onderwysings soos uiteengesit in die Bybel en ons bystand en voorstelle aangebied oor hoe die organisasie hierdie dodelike leerstelling kan regstel. Ná

meer as 70 briewe sonder enige direkte respons, het ons opgehou om direk na hulle uit te reik. Ons het eerder ons aandag na die plaaslike broers en susters gewend en openlik ons idees vir verandering in die ***Moontlikhede Reeks*** gedeel. Ons het moontlike scenario's gedramatiseer, asook die waarskynlike uitslag daarvan, as die Bestuursliggaam sy fout regstel sodat ons broers kan visualiseer hoe ware geloof vir die Bestuursliggaam en vir Jehovah se Getuies, individueel daar mag uitsien. Die reeks sluit in dramatiese aanbiedings van gesprekke onder Getuies, 'n ontmoeting van die Bestuursliggaam, voorstelle en herorganisering van die genootskap, 'n vergadering met Reisende Opsiener, 'n Algemene Jaarvergadering, gemeentelike reaksies en uitval dillemmas. Hierdie dramas het die harte van so baie bereik en getoon hoe maklik dit is om ons broers en susters op die geestelike pad te plaas wat Jesus voor ons gestel het.

Uit geloofbare bronne weet ons dat die individuele lede van die Bestuursliggaam elkeen van die artikels in die ***Moontlikhede Reeks*** gelees het en baie gesprekke onderling gevoer het omtrent die behoefte om regstellings aan te bring, soortgelyk aan dié wat daarin vervat is. Ons weet ook dat twee of drie lede van die Bestuursliggaam 'n ernstige gewetenswroeging in aanloop tot die 2014 Algemene Jaarvergadering ervaar het. Ofskoon hulle nog nie die moed van oortuiging het om hulle foute reg te stel nie, gaan hulle tot vandag voort deur te besin oor hoe hulle hulself kan losmaak van hul gruwelike foute en die organisasie se voortgesette opmars na onbeduidendheid kan afwend. Hoe hartseer vir 'n organisasie van verkondigers en leerkragte dat al die bovermelde groei in assosiasie met die Wagtoring organisasie kon plaasvind, as die Bestuursliggaam slegs hulle foute erken en hulle verneder voor die Christus soos Jesus gesmeek het:

> "Wat meer is, moet niemand op aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, die Een in die hemel. Moet julle ook nie 'leiers' laat noem nie, want een is julle Leier, die Christus. Maar die grootste onder julle moet julle dienaar wees. elkeen wat hom verhef, sal verneder word en elkeen wat hom verneder, sal verhef word." – ***Matteus 23:9-12***

Dit is droewig dat die uitstel van die Bestuursliggaam, om hulleself te verootmoedig, agter hulle 'n spoor van geestelik onkundige mense, gebroke gesinne en eens-getroue manne en vroue wat hulleself tot ateïsme en agnostisisme agterlaat, presies soos in die 1ste eeu, plaasgevind het:

> "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! want julle trek rond oor see en droë land om een proseliet te maak en wanneer hy dit word, maa julle hom 'n voorwerp vir Gehenna, twee keer erger as julleself." – ***Matteus 23:15***

Gevolglik het ons gehoop om hulle denkvermoë te omvorm en hulle gees in beroering te bring deur artikels te publiseer wat die skadelike en dodelike gevolge van hulle voortgesette

leringe openbaar, in stryd met Christus Jesus, in artikels soos ***Bloedskuld, 'n Skyn in die Wandelgange van Skande,*** die drieledige artikel ***Afvalligheid in die Fenway Gemeente*** en ***Stry die Goeie Stryd.*** Ons het ook 'n artikel gepubliseer wat aan die nie-Getuie verduidelik hoe Jehovah se Getuies hulle eie verhouding met Christus beskouu in 'n artikel genaamd ***Wie is Jehovah se Getuies?***

Ons moet egter erken dat die sloering van die Bestuursliggaam, om die nodige veranderinge te doen, 'n voordeel inhou vir ieder en elke Jehovah Getuie. Elkeen gaan voort om die goddelike geleentheid te hê om die Christus uit eie vrye wil van geloof te kies en nie as 'n gevolg van gehoorsaamheid aan mense nie. Soos ons male sonder tal geskryf het, sou Jehovah se Getuies hulle tot Christus wend en hulle seunskap met God aanvaar, slegs omrede die Bestuursliggaam dit toelaat, sal hulle steeds maar net navolgers van mense wees. (Sien ***Nadraai Dilemmas.***) Dit is waarom ons die uitstellery van die Bestuursliggaam as potensieel voordelig beskou, aangesien dit die yster voorsien waarteen die geloof van Jehovah se Getuies vlymskerp geslyp kan word.

Tenspyte van ons teleurstelling met die Bestuursliggaam, het ons die jaar op 'n positiewe noot afgesluit met artikels wat ontwerp is om ons geloof in die Vader se goddelike beskerming en leiding te versterk, soos ***Geloof in Ongesiene Werklikhede, Wandel Deur Geloof*** en ***Die Getuienis van die Gees,*** asook 'n artikel wat werklike tasbare diens aan ons broers aanmoedig, ***Christus-Gewing!*** As 'n gevolg van hierdie artikels het honderde van ons broers (waarvan ons kennis dra) in hulle gemeenskappe uitgereik om ander diensbaar te wees, ongeag hulle godsdienstige affiliasies, deur deel te neem aan voedselinsamelings en ook hulle eie voedsel- en kledingkampanjes te loots om hulle minder bevoorregte broers by te staan. Hulle ervaar werklik Jesus se belofte dat dit gelukkiger is om te gee as om te ontvang. (***Handelinge 20:35***)

Aangesien die Wagtoringorganisasie deelname aan hierdie soort aktiwiteite afkeer, behalwe as dit deur die Bestuursliggaam gesanksioneer word en hoofsaaklik ten behoewe van Jehovah se Getuies uitgevoer word, prys en vier ons die geloof en moed wat hierdie 'Goeie Samaritaan' seuns van die Koninkryk vertoon. Hulle staan ferm saam met Christus en ervaar ware geestelike bevryding! Maar wat van die tweede deel van ons doelwit?

## Moontlikhede in 'n Wêreld in die Breë

Die tweede punt van ons primêre doelwit is om die geestelike gesprek wêreldwyd te besiel. Ons doen dit op hierdie webtuiste en in April 2014 het ons ons nuwe waagstuk in dié verband bekendgestel, www.TheChristExperiment.org – "'n avontuur in die oneindige moontlikhede van God." Ons hoop om die gemaksones van ons broers en susters van alle oortuigings en denominasies uit te daag en hulle op te wek tot groter geestelike insig, deur nuwe en soms kontroversiële idees bekend te stel. Ons jongste Eksperiment – Eksperiment No. 6 – ondersoek vreesloos buite-Bybelse literatuur om te sien of dit enigiets aanbied wat ons begrip omtrent die Bybel, God, Jesus of ons oorsprong en bestemming, kan vergroot. Ten behoewe van diegene wat ietwat beskroomd is in dié verband, herinner ons ons gehoor daaraan dat prakties elke godsdiens, gebruik maak van buite (of *nie)* Bybelse geskrifte in hulle geestelike

ontwikkeling. Byvoorbeeld, ***Die Wagtoring*** en ***Ontwaak!*** is buite-Bybelse geskrifte, tog het Jehovah se Getuies geen probleem om dit vrylik te aanvaar en te ondersoek nie.

Die respons op Eksperiment Nr. 6 is oorweldigend! Ons het geen idee gehad dat soveel mense, met inbegrip van baie Jehovah Getuies, oop is vir so 'n vreeslose en reguit ondersoek nie, en honger na meer. Ons het feitlik geleer dat baie in die geheim hulle eie buite-Bybelse navorsing reeds vir jare doen! Ons moedig al ons geestelike volwasse lesers aan om te gaan loer by ons nuwe eksperiment en julle gedagtes met ons te deel. Hoe meer mense deelneem, des te meer betekenisvol die resultate, hetsy ter ondersteuning, of in opposisie van, die onderwerp onder bespreking. Jy kan sommige van die reaksies op hierdie Eksperiment gaan lees by die skakels: ***Emails to the Christ Experiment*** en ***Comments about Experiment No. 6***. Met hierdie poging het ons slegs aan die oppervlak geraak. In die toekomende jaar gaan ons ons fokus meer op die bediening rig. Ons wil spesifiek uitgaan in die gemeenskap met die eenvoudige en toeganklike onderwysings van Jesus, in 'n nuwe, onbeskaamde en opwindende manier. Ons hoop dat baie, baie seuns van die Koninkryk sal deel in hierdie nuwe bediening. Dit sal 'n manier wees om die dilemma van geestelike eensaamheid in ons gemeenskappe op te los en dit sal die gebiedende geestelike drang bevredig om vrylik te spreek omtrent Die Gesalfde, sonder kerklike beperkings of verwikkelings of versperrings. Meer inligting omtrent hierdie uitreikbediening sal gepubliseer word binne die volgende paar weke in 'n artikel genaamd, ***Binne-in Sy Oes*****.** So, bly asseblief ingestel.

Ons is só opgewonde omtrent wat deur hierdie bediening in slegs 3 jaar bereik is en ons is selfs meer opgewonde omtrent toekomstige moontlikhede. Ons het die onverwagse verwag en ons is nie teleurgestel nie. Ons weet dat miljoene van ons broers dieselfde voel. Ons glo vas dat die groei wat ons tot dusvêr bereik het, slegs moontlik gemaak is deur die hulp en bystand van ons hemelse familie wat 'in sy oes' is (***Matteus 9:38***) besig om siele vir Christus in te bring. Dit is só opwindend om medewerkers te wees saam met goddelike bedienaars en die weergalose Gees van die Waarheid (Johannes 16:13) wat voortdurend Christus se broers ondersteun en hulle liefdevol lei en rig tot geestelike vryheid en verligting in hierdie gewigtige tyd, naamlik die Vader se Aanvaarbare Jaar!

---

Verwante Vrae:

31/12/2014 Vrae van Besoeker wat geloof verloor het in God

Die groei soos hierbo vermeld

---

**"*Elaia Luchnia*"**